waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 8 AUGUSTUS 2001

REDAKSIONEEL

# Die Hammanskraalse teologiese biblioteek

In die vorige maand se uitgawe van *Waarheid en dwaling* is die Stigting vir Gereformeerde Literatuur bekend gestel. Hierdie Stigting het die Hammanskraalse biblioteek aangekoop.

Waarom? Dié biblioteek is 'n deel van ons gereformeerde erfenis, 'n herinnering aan die geskiedenis van die opleiding tot die bediening van die Woord in ons land. Die Teologiese Skool Hammanskraal het 'n belangrike bydrae gelewer tot die verkondiging van die evangelie onder die verskeie volke in Suid-Afrika en in ander lande op die vasteland van Afrika. Die biblioteek is die enigste sigbare en tasbare oorblyfsel van dié opleiding wat in die Teologiese Skool Potchefstroom opgeneem is.

Waartoe is die biblioteek gekoop? Hierdie boekeskat word nie in 'n museum gebêre om net bewaar en besigtig te word nie. God gee ons 'n erfenis met 'n waardevolle inhoud. Dit moet gebruik en deskundig vir gebruik toeganklik gemaak word. Die versameling moet ook met gereformeerde lektuur uitgebrei word, sodat dit met die grootste moontlike vrug gebruik kan word.

Waar word die biblioteek geplaas? Op 'n plek waar baie gereformeerde kerke gevestig is. Pretoria tel 36 gereformeerde kerke en is bowendien maklik vanuit die omstreke bereikbaar. 'n Nabye biblioteek kan van onskatbare waarde wees vir teoloë en meelewende lidmate se verdere uitbou van die nodige kennis, tot heil van die kerke.

Die Stigting het in die lig hiervan die biblioteek *uit geloof* gekoop. Hy maak aanspraak op die broeders en susters om hierdie begin *in liefde* vir die Here en sy diens verder te voer. Die onderneming word voortgesit *in hoop* op die ontwikkeling van die gereformeerde lewe in ons land.

Ons doen 'n beroep op ons lesers. Ondersteun hierdie aksie in gebed en met dade. Die eerste streefbedrag is honderdduisend rand. Wat van 'n aksie *'een rand per week vir die biblioteek'*? Jongmense kan klein wyke vir hulle rekening neem, weekliks kort besoeke aan gesinne en alleenstaande mense bring en sodoende die gemeenskap van die heiliges beoefen. Elkeen gee na vermoë, van een tot tien rand. Elke gemeente dra een- of tweemaandeliks die ingesamelde bedrag oor na die Stigting se bankrekening. Wie baie het, kan sommer sy of haar bedrag in die bankrekening deponeer.

Kom ons werk saam, uit geloof, in liefde en in hoop.

In ons blad sal die stand van sake gereeld meegedeel word.

Die gegewens van die bankrekening is:

Stigting vir Gereformeerde Literatuur
ABSA Ben Swartstraat Tak
Wonderboom-Suid, Pretoria
Takkode: 334 645
Rekening nommer: 9073 902 771

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel** *Die Hammanskraalse teologiese biblioteek*
1 **Skrifoordenking** *Babel 2, oorwin* Ds DJ Malan
3 **Fokus** *Die Christus-geheim: breed is eers smal* Ds ALA Buys
5 **Aktueel** *Verset uit eerbied vir God* Dr JG Meijer
9 **Rekenaar en Internet** *So spreek die Here* Dr AH Bogaards
9 **Mediese etiek** *Selfbeskikkingsreg in die gesondheidsorg - 'n knipoog na die geskiedenis* Dr JM Boon
10 **Kommentaar van lesers**
11 **Persskou** *'n Huis vir skaamtelose ouboet* *Vader staat slaan sy slag* Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**


SKRIFOORDENKING

# BABEL 2, OORWIN

*Daniël 4:20-22, 29-32*

Ds DJ Malan,
emeritus-predikant
van Lindley

**Die boom wat u gesien het - wat groot en sterk geword het, en waarvan die hoogte tot aan die hemel gereik het en wat vir die hele aarde sigbaar was, en waarvan die blare mooi en die vrugte baie gewees het, en waar voedsel vir alles aan was, waaronder die diere van die veld gehou en in die takke waarvan die voëls van die hemel gewoon het - dit is u, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die hemel en u heerskappy tot aan die einde van die aarde... Aan die einde van twaalf maande terwyl hy op die koninklike paleis van Babel rondwandel, het die koning aangehef en gesê: Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie? Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar 'n stem**

**uit die hemel: Koning Nebukadnésar, jou word aangesê - die koningskap word jou ontneem; en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.**

Ons lees van dire 'Babels' in die Woord van God: Die eerste tref ons in Genesis 11 aan (behandel in ons eerste oordenking); die tweede is die hoofstad van die Babiloniese ryk. Dit word onder andere vir ons beskryf deur die profeet Daniël. Die derde is die hoofsetel van die antichris en daarvan lees ons in Openbaring.

Daar is 'n noue samehang tussen hierdie drie 'Babels', en ons tref ook duidelike ooreenstemmende kenmerke by elkeen aan:

- By al drie is Satan self die outeur van die plan.
- By al drie laat God Satan toe om binne perke sy plan tot uitvoer te bring.
- By al drie word die hele menslike geslag, al die volke, saamgesnoer tot een magsblok.
- By al drie rig Satan en sy kinders, op meesterlike wyse, 'n aanval teen God en Sy kinders.
- By al drie triomfeer God deur Satan te ontmasker, en sy plan te laat misluk.
- By al drie staan Christus as oorwinnende koning in die sentrum.

## Een wêreld-koninkryk met een groot koning

Toe Nebukadnesar Jerusalem beleër het, was die hele bekende wêreld van daardie tyd reeds in sy mag. So kom 'n volgende 'wêreld-koninkryk' tot stand, met Babel as hoofstad. Mens kan jou indink hoe Satan dit moes geniet het toe die gereedskap van die tempel van God in Jerusalem hulle nuwe staanplek gekry het in die heidense tempel in Babel. Daardeur het Nebukadnesar sy 'triomf' oor God en sy volk vir die hele wêreld uitbasuin.

Die Babiloniërs was 'n trotse en hoogs ontwikkelde nasie, wat uitermate presteer het op die gebied van die boukuns en ingenieurswese. Hulle het die mees moderne nuwe wapentuig ontwikkel en gebruik. Nebukadnesar se indrukwekkende paleis en die beroemde hangende tuine was van die toppunte van hulle vermoë. Dit was egter nie die enigste manier hoe hulle agting by al die volkere afgedwing het nie: Die wyse waarop Nebukadnesar vanuit Babel die hele wêreld beheer en bestuur het, was meesterlik.

## Die meesterplan: instandhouding van mag

Teen alle koste moes Nebukadnesar nou die mag oor sy reënboog-koninkryk behou! Daarvoor het hy 'n meesterplan uitgewerk: Hy het die room van elke volk se jong intelligente leiers saamgetrek in Babel en hulle deur breinspoeling omvorm tot 'n magtige lojale 'wêreld-regeerkorps'. Hierdeur, en deurdat al die volkere leierloos gelaat is in hulle vaderlande, het hy nie net enige moontlike opstandigheid voorkom nie, maar hulle ook gekalmeer, deur by hulle die indruk te skep dat hulle verteenwoordiging het in hierdie aanskoulike en magtige wêreldryk.

Hy het hierdie jong leiers van elke volk vinnig gestroop van hulle volksbewussyn, taal, kultuur en godsdiens, deur hulle in die koninklike paleis te laat proe hoe dit smaak om magtig en belangrik te wees (iets wat vir enige tiener onweerstaanbaar is). En toe soek hy die bestes uit, en plaas hulle in strategiese posisies in sy groot hiërargie van regering-amptenare, verspreid oor sy hele ryk. Wat 'n volmaakte plan! Nou sou geen volk kon waag om eensydig 'n opstand te beplan nie, want 'n nuwe rëenboognasie-leierskorps was as wagters aangestel.

Sy breinspoel- en regeer-taktiek was so geslaagd dat dit vandag nog wêreldwyd gebruik word:

Die afgelope dekades het die antichristelike wêreld-geldmag (byvoorbeeld die Vrymesselaars, met front-organisasies: die Rotariërs en die Lions) met dieselfde taktiek reeds wêreldwyd sukses behaal. Hulle noem dit: 'Die Nuwe Wêreld-orde', en hulle doen dit deur byvoorbeeld topleiers reeds op skoolvlak te identifiseer en dan met groot beurse as sogenaamde 'uitruilstudente' in die buiteland te laat 'studeer' – (indoktrineer!). Later kom hierdie 'met-geld-gekoopte-reënboognasie-leierskorps' dan terug na hulle vaderlande om onder meer as universiteits- en staatsleiers kerke en volke te vergiftig en te verslaaf aan die laaste groot wêreldryk, naamlik die van die antichris.

## Georganiseerde revolusie teen God en sy kerk

Satan kry dit dus hier weer reg om alle volke saam te snoer, om as een groot wêreldmag teen God en sy kerk op te ruk. Hy doen dit deur gebruik te maak van 'n uiters begaafde leier, Nebukadnesar, en deur middel van die mees moderne ontwikkelinge in die wetenskap, tegniek en bestuurskuns, maar veral deur uitbuiting van die mens se swakste punt, naamlik sy begeerte na mag. Het Satan nie reeds in die paradys vir Eva met dieselfde slenter gevang nie?!

'Ag nee wat, dit is nie so erg nie...', sal baie kritiese teoloë sê: 'Kyk net na al die voordele wat Nebukadnesar met sy groot wêreldryk vir die mense van sy tyd ingehou het!'

- Nebukadnesar was immers 'n reuse boom, met groot takke en baie blare: Hy het vredevolle skuilplek en woonplek gegee vir al die nasies.


**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*
Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

- En sy mooi vrugte het kos verskaf vir mens en dier (vgl. Daniël 4:20-22).
- En boonop was hy tog deur God in beheer geplaas.

Ons antwoord? Nee, dit is veel erger as erg. Dit is revolusie teen God self!

- Waar Eva slegs die vrugte van die boom begeer het omdat sy soos God wou wees, verklaar Nebukadnesar dat hy self God is deur te sê: *Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?*
- Waar God vir Adam en Eva daarna verwyder het uit die paradystuin, kom probeer Satan die paradystuin herstel deur van Nebukadnesar self 'n tipe paradysboom te maak, tot voordeel van die hele wêreldbevolking.
- Satan gaan selfs nog 'n tree verder: Hy bewys ook vir God dat hy die Babel van Genesis 11 sal herstel en herbou!

## Is Babel 1 herbou?

Die mensdom van Genesis 11 het besluit om die groot stad Babel te bou, maar God het hulle plan verwoes. Hulle plan het so geklink: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak (Genesis 11:4).

Nebukadnesar het besluit om nog 'n groter stad Babel te bou, en hy het dit ook gedoen! Luister net hoe spog hy met homself daaroor! *Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?*

Het Nebukadnesar die Babel van Genesis 11 herbou? Het God verloor? Dit wil immers so lyk!

Nee, God verloor nooit! Oombliklik tref God vir Nebukadnesar met sy toorn en oordele. Dieselfde grote koning van die wêreldstad Babel word soos 'n dier wat gras eet in die veld. God bewys in 'n oogwink vir Satan en vir al die volkere van die wêreld, dat Hy alleen God is, wat oor alles en almal regeer.

Des te meer triomfantlik word God se oorwinning, toe Satan uit die mond van sy hoofrolspeler in hierdie drama, Nebukadnesar self, moes hoor: *Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig. Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!* (Daniël 4:2-3).

Wat 'n oorwinning behaal Christus nie hier oor Satan nie! Nebukadnesar, die heidense koning, verkondig God se grootheid oor sy hele wêreldryk heen. Inderdaad: Gods Woord word nooit gekeer nie!

## So stuit God vir Satan

Later sou God se oorwinning selfs nog groter en nog meer volmaak wees! Soos voorspel in Daniël 2:44, het daar ongeveer 500 jaar later 'n groot Rots losgekom en sowel hierdie wêreldryk van Babel, asook die drie daaropvolgende wêreldryke, naamlik die van die Mediërs en Perse, van die Grieke en van die Romeine, finaal oorwin en verpletter. Hierdie klip was Christus, en sy ryk is die koninkryk van God. Met die hemelvaart het onse Rots, Christus, vir Satan in die hemel so hard getref, dat hy uit die hemel uitgegooi is, en homself nou beperk tot die aarde bevind.

So kom die tweede Babelse reënboognasie dan ook tot 'n val. Nou bly daar nog een Babel oor, die derde. Dit is die reënboognasie wat Satan nou reeds besig is om tot stand te bring. Ons sien dit daagliks rondom ons gebeur. Ook ons volk, en veral ons jongmense, is al grootliks lamgelê deur die geslaagde breinspoel-taktiek van Satan. Baie van ons sogenaamde Afrikaner leiers van die afgelope dekades was al gekoopte pionne van die geldmag.

Satan is besig om sy derde antichristelike Babelse wêreldryk tot volmaaktheid op te bou..., maar Goddank, net om met die eindoordeel finaal verpletter te word. Daarom kan ons sterk en vol moed die toekoms tegemoet gaan. In Christus, ons Rots, is ons meer as oorwinnaars!

---

**FOKUS**

# Die Christus-geheim: breed is eers smal

**Ds ALA Buys**, Pietersburg-Noord

Dr Teuns Eloff is aangewys as die Puk se nuwe rektor. Vir die Gereformeerde Kerke is hierdie aanstelling van groot belang, omdat die rigting wat die Puk onder leiding van dr Eloff sal volg, direkte gevolge vir die kerk en ons kerklike opleiding sal meebring. Die mate van verbintenis tot die gereformeerde leer, die belydenis, sal in die nabye toekoms duidelik word uit sy insette as rektor. Iemand mag nie onverhoord beoordeel word nie, en slingerende skimpe sal niemand baat nie. Daarom moet ons ons beperk tot wat dr Eloff self aangedui het sy inrigting van sake gaan wees. Dan sal die tyd moet leer wat van die Puk gaan word.

## Jonger geslag

Om verandering te bestuur (om nou maar die gonswoord in te span) is seker vir niemand maklik nie. Die beste stuurman staan altyd aan wal. Daarom moet daar by die aanvang oor die beoordeling van die nuwe rektor-rigting tog 'n simpatieke woord gesê word. Die rimpelings en golwe van transformasie, afrikanisering, demokratisering ensovoorts het geen gereformeerde gespaar nie. Ons almal worstel nie net om kop bo water te hou nie, maar ons spartel ook om die landwal te sien.

Dr Eloff het die konsekwensies van die nuwe Suid-Afrika miskien vinniger gesnap as baie ander. Hy verteenwoordig beslis een deel van die jonger geslag Afrikaners wat hulle deel wil doen in die nuwe Suid-Afrika. Hy is dus ook minder bedruk oor die stand van sake as die ouer geslag Afrikaners wat heeltyds en deeltyds deel van die 'establishment' was, en wat verlies aan mag en gesag glad nie goed verwerk nie (en miskien nooit sal nie), en ten spyte van vindingryke voetwerk nooit die denk- en hartsprong na die nuwe gemaak het nie, en grootliks maar besig is met intellektuele binneversiering.

Dr Eloff as jonger man beveel 'n nuwe rigting aan en hy sal die Puk ook in hierdie rigting (be)stuur. Hy self gee basies vier bene waarop hierdie rigting gebaseer is. Vir 'n oop gesprek is dit nodig om jou gesprekgenoot se standpunte so korrek weer te gee dat hyself 'amen' daarop sal sê. Hopelik word dr Eloff se uitgangspunte hier korrek weergegee (vgl. *Beeld* 7 Julie 2001).

(1) Hy is nie verbind tot die gedagte van 'n Afrikaanse universiteit nie.
(2) Hy is demokraties ingestel en aanvaar Suid-Afrika as 'n eenheidstaat.
(3) Gevolglik erken hy die demografiese werklikhede, onder andere dat die Afrikaner se toenemende dalende getalle nie inpas by 'n groeiplan vir die Puk nie. Hy sien ook dat daar 'n groot behoefte aan grade in nie-Afrikaner-geledere is. Daarom is dit logies dat die Puk meer moet konsentreer om 'n streekuniversiteit (Noordwes Provinsie) te wees wat opheffing as hoë prioriteit sien.
(4) Hy erken die Puk se reg om 'n christelike basis te hê en verbind homself om dit te verdedig.

Tot sover dr Eloff se standpunte. In kort: Los maar die taalkwessie, maar staan vas op die christelike. Hier kies hy vir die breë christelikheid. Dit klink vir baie gereformeerdes asof hier nog vir 'die geloof' gekies word, en dat hy 'n kans gegun moet word: Die man sê darem die christelike is belangrik.

## Beperkte gereformeerdheid

Baie gereformeerdes beperk hulle belydenis tot die binnekant van hulle kerkgeboue, en wil nie die belydenis indra in die gesprek oor die rigting van die Puk nie. Dit sou smal wees, 'n benoude gebrek aan suurstof wat onrealisties is vir vandag se sake. Kies breed, algemeen christelik, dan het die gereformeerdes ook darem nog 'n (nou wel kleiner) plekkie. As die taal die prys vir die behoud van die breë christendom is, dan word die belangrikste - die geloof - darem nog veilig gestel, en is 'die gereformeerde geloof' nie die belangrikste saak nie. Kies breed, nie smal nie. Dit is dr Eloff se raad aan ons. Los die taal (want dit gee demografies aanstoot) en sorg dat jy jou 'christelike' kant daardeur hou. Kies breed - 'christelik', nie smal – 'gereformeerd' nie. Los die spesifiek be-Woord-e gereformeerde belydenisskrifte vir hierdie debat uit die prentjie. Ja, breed of smal, dis die vraag. Moenie 'n smal kerklike belydenis deel maak van 'n poging om die Puk christelik te hou nie.

Dit klink logies, algemeen menslik. Dit klink ekumenies. Dit klink goed en gehoorsaam.

Maar so eenvoudig is dinge darem nie. Die koopsom (breed in plaas van smal) wat dr Eloff voorstel, is duur, miskien onbetaalbaar duur.

## Menseregte

Dr Eloff se standpunt klink asof dit met die belydenis ooreenstem (geloof oorskadu taal tog immers). Hy sê: Die Puk het die reg om christelik te wees. Dit klink soos belydenistaal maar dit is nie. Dit is menseregte-taal. Dit klink breed (christelik), maar in wese is dit subjektivisties smal.

Wie besluit hier: Wat is christelik? Elke individu? Die senaat? Die nuwe rektor? Die meerderheid christen-studente? As jy geen belydenis wil handhaaf nie, nie duidelik uitspel en sê wat jy glo nie, as jy nie die belydenis as opsomming van die Skrif wil handhaaf nie (ook as kerk juis buite die kerkgebou) ook in jou universiteit-rigting nie, dan het jy die breë afspraak van die belydenis afgegee vir die engte van individualisme, van grenslose subjektivisme.

'n Voorbeeld sal dit hopelik verduidelik. Dr Eloff vind dit nie goed dat die Puk in die nuus is oor kunstenaars wat op die kampus verbied is nie. Mens moet as christen 'n besluit hieroor neem: *Of* jy laat toe *of* jy verbied. Jou christelikheid rig jou. Maar wie vul 'christelik' se betekenis in? Wat is 'n christen, en hoe tree 'n christen in hierdie saak op? Wat is 'n christen? Is jy omdat jy in die Rooms-Katolieke kerk gedoop is? So is dit volgens die Roomse belydenis. Is jy omdat jy jou Saligmaker gekies het met jou grootdoop, volgens die (ongeskrewe) charismatiese belydenis? Is jy omdat jy kan sê: 'Jesus het vir ons sondes gesterf', volgens die (weereens ongeskrewe) belydenis van kwasi-ekumeniese gereformeerdes? Is jy omdat jy 'n 'artikel 3'-geloof het, en Christus slegs binne jou volksverband opsoek, volgens die APK-belydenis of die Hervormde volkskerk-gedagte? Hoe breed vat jy dit nou, of hoe smal?

## Openbaringsvraag

Hierdie vraag oor 'breed en smal' is inderdaad 'n openbaringsvraag. Bepaal die 'christene' wat christelik(e optrede) is, of bepaal die Christus van God wie en wat 'christen' is? Kom dit van Bo of van onder?

Openbaar God in sy Woord wie Jesus die Christus is (soos wat ons bely in die Heidelberger, Sondag 12) of bepaal elke christen subjektief wat christelik vir hom of vir haar behels? Waar word dit bepaal: Bo of onder? Dis tog 'n eenvoudige vraag. So smal. Ons gereformeerdes antwoord die vraag belydend in vraag 32 (HK, 12): Maar waarom word jy (as lidmaat, ook as 'n rektor) 'n christen genoem? Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, en met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer. Dis belydenistaal. Christus bepaal ons christenskap. Ons bely die drievoudige amp van koning, profeet en priester. Dis persoonlike geloofstaal (ek en Christus, Hy bepaal my doen en late), dis smal, in die sin van een-tot-een-verhouding met God, en daarom is dit breed. Om saam met Christus te regeer oor alle skepsele. Dis breed. Dis kosmies. Breed is dus smal.

Nog nooit het die subjektivisme die gereformeerde leer bedreig soos juis nou nie. Die subjektivisme het nog altyd aan die gereformeerde kerkdeur geklop, maar nou is daar gereformeerdes wat die deur van die binnekant af wyd (breed) oopmaak deur menseregte. Om te sê 'die Puk het die reg om christelik te wees' kom nie ooreen met die belydenis nie. Ons bely dat Jesus Christus, die Woord, openbaar wat christelik is. Van Bo na onder. Van die een skepsel (een smal gereformeerde belydenis) na die hele breë skepping. Breed is smal. Openbaar God regtig weinig of niks oor sake soos (studente)taal nie? Breed is smal. Om die gereformeerde belydenis los te laat - nie maar net die taal nie - is om openbaring van God los te laat.

Dr Eloff het gekies vir 'regte', vir sy definisie van 'breed', vir menseregte en daardeur die openbaringbelydenis by die wortel afgesny. Die boom sal nie dadelik verdroog nie, maar die lewensap is daaruit.

Dr Eloff se 'breed' is eintlik smal, nie soos hierbo gedefinieer as persoonlike en gemeenskaplike geloofsbelydenis nie, maar smal in die sin van kortsigtig, gevaarlik subjektief. 'n Breë

christenheid bestaan nie. Wat dr Eloff voorstaan, is die ongedefinieerde, onbegrensde christendom wat weggespoel word in die groot post-moderne oseaan van ongelooflike subjektivisme.

## Voor of agter die tyd

En daarom is dr Eloff ver agter die tyd, agter die openbaringstyd. Hy hou die Christus-geheim vir homself. Hy maak daarvan 'n christen-verklaring. Jesus Christus beveel sy dissipels, nadat Petrus bely dat Hy die Christus is, die verwagte Messias is, streng 'om niemand van Hom te vertel nie'. 'n Swyggebod oor die Christus-geheim. Want Jesus is nog nie as Christus gekruisig nie, Hy het nog nie opgestaan nie, en sy dissipels mag nie *voor die tyd* die geheim uitblaker nie. Jesus se optrede as die Christus was nog 'n geheim, want sonder die kruis en die oop graf beteken 'n Christus-belydenis niks. Sonder die kruis en die opstanding is 'christelike optrede' onmoontlik - dit is die geheim wat geopenbaar is. Jesus, die Christus, openbaar 'n geheim. Hy is die geheim, die misterie. Daarom moet die dissipels eers swyg sodat die geheim openbaar kan word, en weldra, kort daarna, kry hulle die opdrag: Gaan heen en verkondig (Matteus 28). Swyg nie meer nie. Daarmee is die apostel Paulus (Efesiërs 3:3) dan ook besig: 'dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid'. Breed is smal. Swyg eers, bely eers persoonlik, en verkondig dan aan almal.

## Dit is die Christus-geheim: breed is smal

- 'Dat Hy - Jesus Christus self
- 'aan my' - smal, persoonlik,
- 'deur 'n openbaring bekend gemaak het' - van Bo na onder
- 'die verborgenheid' - die misterie, die geheim van Efesiërs 1:10 dat God die doel het om alles in die hemel en op die aarde (ook Potchefstroom) onder een Hoof te verenig.

Heidene hoor hierdie Christus-geheim (nie christelike beginsels nie) en so kry die evangelie kosmiese betekenis.

Hierdie Christus-geheim is onder andere deur Paulus verkondig en die misterie is ook aan ons - wat Afrikaans praat - geopenbaar. Die geheim is dat Christus die Hoof is van alle dinge, en as sodanig aan die kerk as Hoof gegee is. Die Christus-geheim het oop en bloot ons belydenis geword. Smal het breed geword. Die openbaring het voortgegaan: Christus self het tot by ons gekom. Hyself. Hyself. Van Bo na onder. Ons het die Christus-geheim geglo, en dit het ons lewens en samelewing verander, soveel so dat die Puk inderdaad uit geloof gebore is. Die Christus-geheim wat nie verborge gebly het nie, die Christus-geheim wat aan ons verkondig is, die misterie wat deur ons geglo is, het die Puk tot stand gebring. En waar is dr Eloff? *Ver* agter die (voortgaande openbarings)tyd. Hy is nog by die swyggebod om niemand te vertel dat Jesus die Christus is nie, dat daardie geheim kosmiese betekenis het.

Die Christus-geheim het 'n gereformeerde universiteit nie net moontlik gemaak nie. Daarmee staan of val dié universiteit. Hierdie geheim moet van die dakke bely word. Gemeenskaplik, breed, vir die mensdom, juis nou waar hulle hulleself vergoddelik met menseregte.

Swyg oor Christus se breë hoofskap. Hou dit 'smal'. Hou dit subjektief. Hou die geopenbaarde geheim stil vir die nuwe Suid-Afrika. Hou dit vir die smal dopperkansel alleen, vir Sondag; hou dit weg van die 'breë' universiteitlokale, hou dit weg van die res van die week.

## Swygende gereformeerdes?

Hoe kan ons swyg oor wat God self aan ons geopenbaar het, aan ons be(ken)d gemaak het? Hoe kan ons die breë Christus-geheim-belydenis verruil vir 'n smal christen mensereg? (As daar ooit so iets is).

Wat gaan met die Puk gebeur as ons die smalte van dr Eloff volg? Die Puk gaan (uiteindelik) 'n Engelstalige, nie-christelike - breed mensereg-gerigte - universiteit wees. Die Puk is dood. Ons kind is dood. Laat nie te gou gesê word dis dislojaal nie. Dit is nooit aangenaam om 'n doodsberig oor te dra nie. En die gevolg hiervan vir die kerke is dat die Teologiese Skool al hoe meer vervreemd kan raak van die gereformeerde kerke.

Die Christus-geheim is geopenbaar. Breed is smal. Swyg ontydig daaroor, en jy sal net die smal kant sien.

---

**AKTUEEL**

# VERSET UIT EERBIED VIR GOD

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Verset uit eerbied vir God? Is dit moontlik? Die Here sê: Wie hom teen die mag (die wettige gesag) verset, weerstaan my instelling. Daardie opstandelinge 'sal hulle oordeel ontvang'.[1] Waarsku onse God hier teen alle verset? Indien wel, dan getuig die opskrif bo hierdie artikel en ook vorige artikels in hierdie reeks van veragting vir die Woord.[2] Dan word die Here se dreiging met die oordeel as niks geag. Dan word hier met helse vuur gespeel.**

Gee die Here aan enige mens die reg om hom te verset? Nog sterker: Roep Hy ooit tot verset? Na alles wat in vorige artikels oor verset gesê is, kom moontlik by sommiges die vraag na vore: Is daar voorbeelde van godvrugtige verset in die Bybel?

## Verset in die Skrif

Die Woord onderskei tussen verset en verset. Ons hoor menigmaal van verset wat God veroordeel. Ons hoor in bybelse geskiedenisse ook van verset wat Hy goedkeur. Hieronder volg enkele illustrasies van verset in ongehoorsaamheid aan God en van verset uit eerbied vir Hom.

### *Verset wat die Here veroordeel*

Tydens Israel se woestynreis staan Mirjam en Aäron teen Moses op. Sy – kennelik die gangmaker – word met melaatsheid

1 Rom 13:2.

2 Sien die artikels 'Gesag en mag', 'Ag die gesag', en veral 'Het gesag grense?' en 'Die evangelie teen diktatuur'. *Waarheid en dwaling* 7(1); 2001:5-7; 7(2), 2001:3-6; 7(4), 2001:4-8 en 7(5), 2001:4-8.

gestraf.[3] Mirjam ontvang haar oordeel.

Na die terugkeer van die twaalf verspieders wat Kanaän verken het, gee hulle uiteenlopende verslae. Na die rapport van die meerderheid (tien) skaar die hele volk hulle agter hulle. Hulle verwerp Moses, wil 'n nuwe hoof verkies en na Egipte terugkeer. Die Here straf sy volk. Hy laat hulle veertig jaar in die woestyn rondswerf.[4] Nie een van die opstandelinge beërf die beloofde land nie. Hulle wat teen die wettige gesag optree, sterwe in die woestyn. Hulle ontvang hulle oordeel.

Daarna volg die oproer van Korag, Datan en Abiram. Hulle staan op teen Moses en Aäron. Die Here laat hulle lewendig deur die aarde verslind. Hulle aanhangers word deur sy hemelvuur verteer. Oproermakers ontvang hulle oordeel.

Die volgende dag kom die hele volk teen Moses in opstand. Die Here verteer veertienduisend-sewehonderd mense deur 'n plaag.[5] Hulle ontvang hulle oordeel.

Koning Sedekia rebelleer teen Nebukadnesar, die koning van Babel. Die straf van Bo? Sy seuns word voor sy oë geslag. Hyself word daarna verblind, met koperkettings gebind en na Babel weggevoer.[6] Sedekia wat hom teen die wettige gesag verset, ontvang sy oordeel.

Gamaliël vermeld die opstande van Teudas en van Judas, die Galileër, teen die Romeinse bewind. Hulle straf? Beide opstandelinge is gedood en hulle aanhangers is uitmekaargejaag.[7] Hulle het hulle oordeel ontvang.

Mense wat hulle teen die wettige gesag verset, weerstaan God se instelling en ontvang hulle oordeel. Die bedreiging wat die Here laat hoor, bly nie net woorde nie. Hy voer dit uit. Elkeen wat hom of haar verset, het in bogenoemde geskiedenisse sy en haar oordeel ontvang. Waarskuwende voorbeelde vir ons ...

Die Skrif handel egter nie alleen oor verset wat die Here veroordeel nie. Ons hoor ook van verset om Hom te bly dien.

### *Verset in diens aan God*

Josef word herhaaldelik deur die vrou van Potifar verlei. Hy wat die huis van sy meester bestuur, vergryp hom nie aan die vrou van sy heer nie. Hy verset hom teen sy meesteres met die woorde: 'Hoe kan ek hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?'[8] Onskuldig veroordeel, beland hy in die tronk. Is dit die oordeel van God na sy verset? Nee, inteendeel. Die Skrif sê: 'Maar die HERE was met Josef, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis.'[9]

Sifra en Pua, twee Hebreeuse vroedvroue, kry bevel van Farao om elke seun wat in Israel gebore word, summier dood te maak. Hulle kom in verset, laat die seuns lewe. Waarom? Die vroedvroue 'het God gevrees'.[10] Wat ontvang hierdie diensweieraars, hierdie versetstryders? Omdat hulle 'God gevrees het, het Hy huisgesinne aan hulle geskenk'.[11]

Die hardlopers in die weermag van Saul ontvang ook 'n opdrag om te moor. Die bevel kom nou nie van die kant van 'n heidense owerheid nie, maar uit die mond van die gesalfde koning van God se volk. Hulle verset hulle. Hulle weier om die priesters van Nob dood te maak. Die motief vir hulle verset? 'Die dienaars van die koning wou hulle hand nie uitsteek om op die priesters van die HERE aan te val nie.'[12]

Daniël en sy drie vriende, broeders in die Here, word op bevel van koning Nebukadnesar gedwing om sy koninklike kos te gebruik. Dit beteken oortreding van die wette oor rein en onrein kos. Daniël, nog 'n jong seun, neem hom voor 'om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie'. Hy vra Aspenas, die owerste van die hofdienaars, vergunning 'dat hy hom nie hoef te verontreinig nie'. Daniël vra vir Aspenas om die bevel van die koning te oortree. Verset, in diens aan die Here, om sy gebod te onderhou. Die antwoord van die Here? Hy 'het aan Daniël guns en barmhartigheid verleen by die owerste van die hofdienaars'.[13]

Sadrag, Mesag en Abednego is onder die leiers wat die inwyding van 'n beeld moet bywoon. Hulle weier om die beeld op bevel van Nebukadnesar te aanbid. Ter verantwoording geroep, verklaar hulle: Koning, ons sal u gode nie dien en die beeld wat u opgerig het, nie aanbid nie.[14] Die Here keur hulle verset goed. Hy red die drie diensweieraars uit die brandende vuuroond.

Daniël weerstaan die gebod van koning Darius om dertig dae lank nie die Here te aanbid nie. Hy bly bid, drie maal per dag. Mense straf hom. Hy word in die leeukuil gegooi. Wat doen die Here? Hy sluit die bekke van die leeus toe sodat hulle sy gehoorsame kind geen leed aandoen nie.[15]

Benewens die bogenoemde *persoonlike* verset vind daar georganiseerde, *amptelike* verset in die heilsgeskiedenis plaas. Jojada, die hoëpriester, organiseer 'n opstand teen die goddelose koningin Atalia. Die klein Joas, sewe jaar oud, word as koning uitgeroep. Atalia word gedood. Jojada sluit 'n verbond 'tussen homself en die hele volk en die koning, dat hulle 'n volk van die HERE' sal wees. Wat doen God? Hy seën hulle: Die 'hele volk van die land was bly, en die stad was rustig'.[16]

Die apostels Petrus en Johannes word deur die Joodse Raad twee maal verbied om in die Naam van Jesus te spreek of te leer. Dié verbod gaan gepaard met dreigemente en die tweede keer boonop met slae. Die apostels staan voor die keuse. Christus, die hoogste Gesagdraer, roep hulle om sy getuies te wees.[17] Joodse owerhede verbied dit. Die keuse is eenvoudig. Die apostels weerstaan die verbod, bly hulle onderwerp aan die Koning van die kerk. Hulle bely: 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense'.[18]

As die apostels na die eerste dreigement rapporteer, kom die kerk in aksie. Die gemeente wat moet bid vir die owerhede,[19] lê onder daardie bedreiging Psalm 2 heel konkreet aan die Here voor: 'Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het ... En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te

3 Num 12.
4 Num 14.
5 Num 16.
6 2 Kon 24:20-25:7.
7 Hand 5:36-37.
8 Gen 39:9.
9 Gen 39:21.
10 Eks 1:17.
11 Eks 1:21.
12 1 Sam 22:17.
13 Dan 1:8-16.
14 Dan 3:18.
15 Dan 6:8-10, 23.
16 2 Kron 22:10-23:21.
17 Hand 1:8; vgl. Mark 16:15.
18 Hand 5:29; 4:19-20.
19 1 Tim 2:2.

spreek ...'. Dienaars van die Here (burgerlike en kerklike owerhede) word deur die biddende gemeente as sy vyande aan God voorgehou. Die Here hoor en verhoor die gebed van sy volk. Die plek van samekoms word geskud (weer 'n aardbewing na die twee op Goeie Vrydag en die dag van Christus se opstanding). Hulle word almal vervul met die Heilige Gees en spreek die Woord van God met vrymoedigheid.[20]

Die Skrif onderskei duidelik tussen verset en verset. Daar is verset wat uit ongeloof ontstaan. Dit is teen die wil van God, ondermyning van die gesag, teenstand teen sy instelling. Mense wat die wettige gesag weerstaan, ontvang hulle oordeel. Daar is ook verset uit eerbied vir God, verset om Hom te bly dien, verset wat uit geloof voortkom. Die Here seën versetstryders, diensweieraars wat sy Woord altyd en orals eerbiedig, wat Hom bo alles liefhet.

## Verset uit geloof – waartoe?

Wanneer kom gelowiges tot verset?

Ouers wat kinders verbied om eredienste by te woon, verbied wat die Here gebied. Hulle stel die kinders voor die keuse: òf die bevel van vader en moeder uitvoer òf volgens die Here se gebod optree. Gelowige kinders word gedwing om nie die verbod van hulle ouers op te volg nie. Hulle moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense. Die Here Jesus sê: 'Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie'.[21]

Enige bevel of wet van enige gesagdraer wat ondergeskiktes dwing om teen enige gebod van God te handel, roep by elke gelowige verset op, verset uit eerbied vir die Here.

Daar is nog 'n ander motief vir verset uit geloof. Die Skrif spreek afkeurend oor mense wat hulle 'met die sake van 'n ander bemoei'.[22] Dit kan op allerlei maniere gebeur, deur skinder of ander skending van die naaste se privaatheid, oorname van 'n ander se werk, indring in sy posisie. Kortom: Bemoeisug tas die naaste se vryheid aan en verhinder die ander om sy roeping in diens van God na behore te vervul.

Gesagdraers wat bemoeisiek optree, oorskry die grens van hulle bevoegdheid. Dit kom baie in moderne bedrywe voor. Werkgewers beroof ondergeskiktes van hulle privaat lewe en verhinder hulle 'om te bly in die roeping waarin hulle geroep is'.[23] Werknemers word so swaar belas dat hul ander pligte soos dié van vader en moeder, werk vir die kerk en die nodige ontspanning in die slag bly.

Gelowiges lewe uit die Woord. 'Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie.'[24] Hulle verset hulle na vermoë teen oorspanne belading met daaglikse werk. Verset - waartoe? Om in die omvattende roeping waarmee die Here hulle geroep het, te kan bly.

Verset uit geloof geskied dus om

- meer aan die Here as aan mense gehoorsaam te wees en
- te bly in die roeping waarmee Hy ons geroep het.

Verset? Ja, alleen uit eerbied vir God.

Kom ons nou nie in stryd met Romeine 13: Wie hom teen die wettige gesag verset, weerstaan die instelling van God, nie? Geensins. Ons eer die wettige gesagdraers as dienaars, let wel, as dienaars van die Here. Hulle het nie die bevoegdheid om enige ondergeskikte te beveel om van God se gebod af te wyk nie. Gesagdraers mag ook nie enige ondergeskikte in sy of haar diens aan God teenstaan nie. Geen gesagdraer op aarde het die hoogste gesag nie. Dit kom alleen aan die Here toe. En Hy laat Hom nie van sy gesag beroof nie.

## Burgerlike en kerklike verset in diens aan God

Die wydste gesag op die aarde word deur owerhede en kerklike ampsdraers beklee. Die Woord wat die ampsdraers bedien, strek oor die hele lewe. Die hoë owerheid het gesag oor alle onderdane van die land. Hierdie gesagdraers bly dienaars van God. Hulle moet by uitstek waak om binne die grens van hulle bevoegdheid te bly. Gebeur dit in ons land? Of dring hulle ons tot verset uit eerbied vir God?

### *Ons burgerlike roeping*

In hierdie artikelreeks is al kortliks aandag aan *menseregte* gegee. Toe Jean Bodin in Frankryk die 'almagtige staat' proklameer en Hugo de Groot in Nederland en Thomas Hobbes in Engeland Bodin se gedagtes oorneem, ontwerp John Locke menseregte as 'n teenwig. Hy staan veral individuele menseregte voor. Die owerheid mag nie in die privaat lewe van sy onderdane inmeng nie.[25]

Die moderne handveste van menseregte kom almal uit die humanistiese ontwerp van Locke voort. Daarom is daardie handveste nie so onskuldig as wat hulle by oppervlakkige kennisname lyk nie. Hierdie regte is bowendien in die loop van enkele eeue aanmerklik uitgebrei. Selfs in so 'n mate, dat die een reg die ander reg elimineer. So word die aanvanklike teenwig teen staat-absolutisme 'n swaard in die hande van owerhede om die burgers van vryhede te beroof.

In ons reënboognasie staan twee 'menseregte' bo al die ander regte uit, te wete menswaardigheid[26] en gelykheid. Wat die Skrif oor lyfstraf gebied, moet wyk vir die *menswaardigheid* van die kind in die skool. Die owerheid verbied lyfstraf.

Die *gelykheid-ideologie* ontken alle geskape en deur God gemaakte of ingestelde verskeidenheid, asook die teenstelling tussen die christelike en alle ander godsdienste. Verskil tussen volke en rasse? Die owerheid verklaar: Die veelvolkige en veelrassige Suid-Afrika is 'n nie-rassige bevolking.

Die geskape verskil tussen man en vrou? Die owerheid verklaar: Ons samelewing is nie-seksisties nie: Mans en vroue moet dieselfde posisies kan beklee. 'n Gereformeerde regskundige eis dat vroue in kerklike ampte dien, met verwysing na ... die grondwet en die goddelike eis dat ons ons aan die owerheid en gesag moet onderwerp.[27]

Godsdienste word in die handves van menseregte gelyk geag. Die multi-godsdienstigheid moet in klaskamers eerbiedig word. Almal moet leer om alle godsdienste positief te waardeer. Die vyandskap wat God tussen die kerk en die afvallige kerk in bondgenootskap met die wêreld stel,[28] word in vriendskap verander. Antitese word vervang met sintese. Wie bely dat daar maar een Naam is waardeur mense gered kan word,

20 Hand 4:23-31.
21 Matt 10:37.
22 1 Pet 4:15; vgl. Luk 12:14; 1 Tess 4:11-12; 2 Tess 3:11-12.
23 Vgl. 1 Kor 7:17-24.
24 1 Kor 7:23.
25 Sien die artikel 'Die evangelie teen diktatuur'. *Waarheid en dwaling* 7(5), Mei 2001:4-8.
26 Sien AH van den Bout. Regsagtergrond vir die afskaffing van lyfstraf. *Waarheid en dwaling* 7(1), Jan 2001:7-8.
27 'Beroeping van kerkraadslede diskrimineer.' *Beeld*, Vrydag 10 November, 2000:18.
28 Gen 3:15.

naamlik deur Jesus Christus, word van diskriminasie teen ander godsdienste beskuldig en pas nie in die reënboognasie in nie.

Ons burgerlike roeping?

- Bly trou aan die enigste Naam waardeur ons gered is.
- Laat nie toe dat die owerheid in kerklike sake inmeng nie.
- Laat ons kinders onderrig in ooreenstemming met die doopbelofte ontvang. Die owerheid se begrensde gesag in die onderwys word DV in die rubriek 'Onderwys' verder behandel.
- Profeteer teen owerhede wat ons in die kerk, in die onderwys, in die bedryf en waar of hoe ook al dwing om van God se gebod af te wyk of u verhinder om u diens aan God na behore uit te voer.

As ons nie betyds profeteer nie, is ons mee verantwoordelik vir die hoë owerheid se inmenging in kerklike aangeleenthede, in bedrywe, in die onderwys. Ons mag en moet ons owerhede voortdurend daaraan herinner dat hulle dienaars, dienaars, dienaars van God is.

### *Ons kerklike roeping*

Dit is 'n weelde om gereformeerd te wees. Gereformeerdes bind hulle aan die leer van die Skrif soos die kerke dit bely (in ons land veral in die Drie Formuliere van Eenheid: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls). Gereformeerde kerke lewe saam ooreenkomstig die beginsels wat die Sinode van Dordrecht reeds in 1619 in die kerkorde vasgelê het.

Die Dordtse kerkorde baken sorgvuldig die grense van alle kerklike gesag af. Aan God meer gehoorsaam as aan mense. Hierdie goddelike opdrag vind weerklank in artikel 31. Die kerke kom ooreen om besluite van hulle kerklike vergaderings as vas en bindend te hou, tensy 'n besluit in stryd is met Gods Woord. Iemand ('n kerkraad of 'n persoon) wat 'n besluit nie as vas en bindend kan aanvaar nie, lewer uiteraard die bewys waarom die betrokke besluit strydig is met die Skrif en lê die bewys aan die betrokke kerklike vergadering voor.

Artikel 31 van die kerkorde sluit onmiddellik by ons belydenis aan: 'Ons mag geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.'[29] Gereformeerde kerke bely en kom in hulle kerkorde ooreen: Ons sal altyd aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense. Die Here, sy Woord, het die hoogste gesag in sy kerk.

Verder keur gereformeerdes in hulle kerkorde alle bemoeisug af. Ampsdraers wat in mekaar se dienste indring, bedryf 'n growwe sonde 'wat skorsing of afsetting uit die diens (amp) verdien'. So verklaar artikel 80. En artikel 84 leer: 'Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.' Elkeen moet in die roeping bly waarmee die Here hom geroep het.

Enkele vrae: Wat van die verskillende skole in ons Teologiese Skool, elkeen met sy eie 'leier'? Dreig hier gevaar van heerskappy van die een bedienaar van die Woord (in besondere diens) oor die ander? Wat van dieselfde persone wat jare agtermekaar in verskeie deputaatskappe bly dien? Dreig hier die gevaar van hiërargie? En wat van voorgangers (predikante en ouderlinge) se lidmaatskap van organisasies soos die Broederbond? Dreig hier die gevaar van tirannie, die gevaar dat agendas van kerkrade en meerdere vergaderings buite daardie vergaderings voorberei en wesenlik deur 'n klein klompie 'broeders' afgehandel word?

Die kerkorde wys nie slegs onderlinge bemoeisug en heerssug tussen ampsdraers af nie. Artikel 30 bepaal dat kerklike vergaderings uitsluitlik *'kerklike sake'* behandel. Slegs kerklike sake. Alle ander sake behoort in die amp van gelowige deur lidmate van die kerk wat burgers van God se koninkryk is, behartig te word. Politiek, besinning oor menseregte, saamstel van leerplanne vir skole, Skrifstudie in verenigings, ensovoorts is almal sake wat in die amp van gelowige aangepak moet word. Artikel 30 van die kerkorde waarsku die ampsdraers om nie in die diens van lidmate in te dring nie. Hierdie artikel beperk die kerklike gesag tot kerklike sake.

Iemand vra: Het kerklike vergaderings dan geen roeping ten opsigte van die owerhede nie? Ja, sekerlik. Hulle moet korrespondensie met die owerheid onderhou 'om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig'. Medewerking van die owerheid beteken dat die kerk sy eie diens rustig, beskerm deur die regering, kan verrig.

Getuig in voorkomende gevalle bring ons in die atmosfeer van die reg. Kerklike vergaderings stel die Woord van God teenoor wetgewing wat teen sy Woord indruis. Hulle getuig teen die aborsiewet, menseregte, opheffing van die doodstraf, onderwyswette waardeur die regering ouers onttroon, ensovoorts.

Met getuienis begin en eindig die kerke se roeping. Ampsdraers en kerklike vergaderings mag nie in die amp van gelowige indring nie, die lewe verkerklik nie. As hulle dit wel doen, beroof hulle die lidmate van hulle vryheid in Christus, van die roeping waarmee Hy hulle roep. Slegs een vraag: Hoeveel kerklike deputaatskappe moet verdwyn om artikel 30 van die kerkorde te onderhou, om die amp van gelowige in ons land te laat funksioneer?

Lewe ooreenkomstig die Dordtse kerkorde is 'n weelde. Gereformeerdes, ons het ons verbind om dié kerkorde, saam met ons gelowige voorgeslagte, te onderhou. Bind mekaar aan hierdie ooreenkoms wat op die Skrif gegrond is. Laat ons ja, ja wees. Verset u in geloof teen onskriftuurlike en boskriftuurlike besluite. En verhinder niemand om sy en haar roeping te vervul nie.

Kortom: Wees ook in die kerk meer gehoorsaam aan God as aan mense. En laat nie toe dat ampsdraers in lidmate se roeping indring nie. Elkeen moet bly in die roeping waarmee die Here hom geroep het.

## Die roede uit die skool?

Het ons die heilige plig tot verset? Na die reeks van vyf artikels oor die gesag en die grense daarvan lui die antwoord ondubbelsinnig: Ja. Hiermee is nie alles gesê wat oor verset opgemerk kan word nie, maar wel voldoende om ons versetplig in die lig van die Skrif te verduidelik.

Daar bly een aktuele kwessie oor, naamlik die vraag oor gesag in die onderwys. Watter gesag dra die ouers, die dosente, die kerke, die owerheid? Hierdie vrae kom DV hierna in die rubriek 'Onderwys' ter sprake.

REKENAAR EN INTERNET

# So spreek die HERE

## *Die Woord van God in die wêreldstad*

Dr AH Bogaards, **Daniëlskuil**

### God laat Hom nie onbetuig nie

Internet is 'n wêreldse stad, maar ook in hierdie wêreldstad laat God Hom nie onbetuig nie. Sy Woord kan oral'gekry word en sy evangelie weerklink op die strate van dié indrukwekkende stad. God span hierdie magtige kommunikasiemedium – sy skeppingswerk – in om sy Woord te vervul: 'En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom' (Matteus 24:15).

### Gratis Bybels

In gedrukte vorm ken ons gesubsidieerde Bybels: Die kerke stuur kollektes aan die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap en dan kan die Bybel goedkoper beskikbaar gestel word aan diegene wat dit nie het nie. Tog moet iemand wel iets daarvoor betaal, hetsy die ontvanger of die wat dit uitdeel.

Dit is egter nou die wonder van die stad Internet: Hier kan Bybels in baie verskillende tale heeltemal gratis bekom word. Dit kos u nie 'n sent nie.

### Voorbeelde van sulke gratis Bybelprogramme

Ek wil 'n paar voorbeelde van sulke Bybelprogramme noem en waar u dit kan aflaai:

- Die een wat ek self versprei, is *Theophilos* van Ivan Jurik (http://www.theophilos.sk/).
- 'n Baie bekende Bybelprogram is *Online Bible* (http://www.onlinebible.net/index.html ) van Larry Pierce.
- *The Free Bible* van Steven Kollmansberger is verkrygbaar by http://www.freebible.com.
- *The SWORD Project* (http://www.crosswire.org) is uniek in die opsig dat dit Luther se finale vertaling van 1545 bevat.

In die volgende aflewerings wil ek DV verskillende Bybelprogramme – ook programme wat nie gratis is nie – bespreek.

### Helaas geen gratis Afrikaanse Bybel nie

Die genoemde Bybelprogramme bevat nie net een nie, maar verskillende Bybelvertalings. Almal het byvoorbeeld die King James Version.

Die teleurstelling is: U kan nêrens 'n Afrikaanse vertaling *gratis* kry nie. U kan dit wel teen betaling van R60 per vertaling by *Online Bible* kry. Die R60 sluit die tantieme in wat *Online Bible* aan die Bybelgenootskap moet oorbetaal, omdat laasgenoemde die kopiereg het. Vir die wat belangstel, gee ek die volgende telefoonnommers van rev. Chris Alenskas: (021) 557-6342 of 557-2027. Sy e-pos is alenskas@iafrica.com.

Ek probeer tans weer om via die Deputate Bybelverspreiding met die Bybelgenootskap te onderhandel oor die moontlikheid om die 1953-vertaling in *Theophilos*-formaat beskikbaar te stel – so goedkoop as moontlik, maar verkieslik gratis.

---

MEDIESE ETIEK

# Selfbeskikkingsreg in die gesondheidsorg - 'n knipoog na die geskiedenis

Dr JM Boon, **Cambridge**

**Die vyfde gebod leer ons dat God se gebooie gesag dra in die gesondheidsorg. Sy Woord is die objektiewe norm vir alle mediese handelinge. Hierdie uitgangspunt is in teenstelling met die selfbeskikkingsreg wat vandag in die gesondheidsorg regeer.**

Die basis van hierdie etiek van selfbeskikkingsreg is die aanname dat daar geen objektiewe norme buite onsself te vinde is nie. 'n Uitgangspunt wat in botsing kom met die vyfde gebod van die Here. Mens vra willekeurig die vraag: Wat is die oorsaak van hierdie veranderde etiek en waar kom dit vandaan?

Prof Velema[1], etikus en hoogleraar in Nederland, het onlangs oor hierdie vraag geskryf. Die hoogaangeskrewe outonomiebeginsel verwerp enige objektiewe normatiwiteit. Hierdie gedagte het sy ontstaan in die Verligting. Descartes het gekom met die gedagte dat die mens se denke die rede vir sy bestaan is. Sy gedagtegoed het in die tweede helfte van die twintigste eeu die gemeengoed van meeste gewone mense geword.

Die outonomie-denke kon geweldig baie veld wen as gevolg van die leegte wat ontstaan het deur die verdwyning van ontsag vir die Woord van die Here. Die verdwyning van die christelike geloof, wat die grootste struikelblok vir die propagering van die mens se selfbeskikkingsreg was, het die outonomiedenke in so 'n mate ontplooi dat dit wêreldwyd in wetgewing vasgelê word. Aanvanklik moes die christelike geloof egter eers wysgerig afgetakel word. Daarna kon die beginsel van die outonomie gevestig raak.

Vir die mediese etiek beteken die triomf van die outonomiedenke die selfbeskikkingsreg van die pasiënt. Die mens kan

1 Velema WH. Doden gaat tot patroon van leven behoren. *Perspectief* (Prof. dr GA Lindeboom Instituut. Centrum voor medische etiek, Ede) 14, 2001 (Jan):17-18.

oor sy eie lewe beskik, ja ook oor die lewe van ongebore kinders en die lewe van mense wat nie meer outonoom is nie. Hierdie gedagte rus op die beginsel van volstrekte eiebelang of egoïsme. Dit word soms ietwat minder skerp gestel as prudensiële eiebelang. Dit sou die eiebelang beteken wat ook die belange van ander respekteer ter wille van die eie belang. As mens dit nie sou doen nie, sal die ander se eiebelang immers 'n gevaar kan inhou vir my eiebelang. Hierdie gedagte van eiebelang vier hoogty in die gesondheidsorg. Daar is geen sprake van enige algemeen geldende norm nie.

Die gevolge van hierdie denke is veral in die gesondheidsorg verstrekkend. Die lewe het verword tot iets wat ons na eie goeddunke kan gebruik en geniet. Daar is nie meer sprake van 'n opdrag of geskenk van die Here nie. Die lewe se waarde gaan nie verder as die individu nie. Trouens, die individu waardeer self sy lewe aan die kwaliteit wat hy self daaraan toeken. Die gewenste duur van sy lewe is dan ook relatief tot hierdie kwaliteit.

Dit is die rede vir die nuwe eutanasie-wette en hulp by vrywillige beëindiging van die lewe. Vandaar ook die nuwe wetsvoorstelle in Europa vir die eksperimentering met embrio's en geslagselle. Vandaar ook die vrye toegang tot aborsie en geboortebeperkende maatreëls. Elke mens mag nie meer lewe nie. Die meerderheid van die bevolking het so beslis. Die owerhede van die wêreld het dit op die wetboek geskrywe. Om dood te maak word deel van die normale patroon van die lewe, skryf prof. Velema.

Met die algemene aanvaarding van die beginsel van outonomie in die gesondheidsorg in so 'n mate dat dit in wetgewing vasgelê word, bly daar steeds minder ruimte vir sogenaamde gewetensbeswaardes. Dit bring mee dat diegene wat nie met hierdie publieke moraal instem nie, steeds meer 'n minderheidsgroep word en as sodanig gemarginaliseer word.

Christen-dokters en -verpleegsters word nog nie gedwing om teen hul beginsels te handel nie, alhoewel die verwysingsplig reeds in die abortuswet vervat is. Dit hou in dat 'n dokter of verpleegster wat nie self die aborsie wil uitvoer nie, wel verplig is om die pasiënt te verwys na 'n instansie of persoon waar dit wel gedoen kan word. Sodoende word hul gewetensvryheid reeds prinsipieel ingeperk.

Die sistematiese ongehoorsaamheid aan die gebooie van die Here wat in die tweede helfte van die vorige eeu tot sterk ontplooiing gekom het onder invloed van die Verligting, vra van christen-dokters en -verpleegsters om die Here en sy gebooie meer gehoorsaam te wees as die mense. Soos die Israelitiese vroedvroue in Egipte van ouds, wil die Here hierdie gehoorsaamheid seën.

---

KOMMENTAAR VAN LESERS

# Ds Buys se Dakar-sinisme: kwaadsprekery?

**Dr PH Heystek van Pretoria skryf:**

Ek wil ... in eenvoud, sonder om in 'n dispuut te beland, reageer op 'Fokus' in die nommer van Julie (pagina 3-5): 'Onse Kader op die aarde' deur ds ALA Buys. Ek meld dat 'n afskrif van die skrywe aan broeder Buys gestuur word.

Die strekking van die artikel kan ek my grootliks mee vereenselwig. Ds Buys se uitlating op pagina 5 was vir my skokkend. Ek verwys na die gereformeerde rektor wat die PU vir CHO nou weer sou hê. Die werkwyse van dr Eloff, wat ds Buys vermoed op grond van sy (ds Buys) se sogenaamde Dakarsinisme, is vir my:

- voortydig,
- onbillik,
- onbroederlik,
- nie in lyn met die bevordering van die gereformeerde lewenswandel nie.

As motief meld ek wat op pagina 5 van u blad deur dr AH van den Bout oor die negende gebod geskryf word, naamlik: *'Onverhoord en ligtelik help veroordeel, asook kwaadstook of laster (Romeine 1:30) en woorde verdraai (Psalm 50:19-20), is sake waaroor die Here homself bekommer in die negende gebod. ... Die eer en die goeie naam van my broeder moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (1 Petrus 4:8).'*

Vir bogenoemde prys ek die Here. Tog vir my hartseer (of dalk verstaan ek verkeerd) dat ds Buys se aanname en sodanige mooi en suiwer uitlatings oor die negende gebod op dieselfde bladsy verskyn in 'n blad vir die bevordering van die gereformeerde lewenswandel.

Ek vra nederig: Kan ons nie as gereformeerdes versigtiger wees in ons uitsprake nie? Is dit werklik nodig om vermoedens uit te spreek soos in Fokus? Sou dit die gereformeerde lewenswandel positief bevorder?

Ek dink onwillekeurig aan Jakobus 1:19 se bevel van die lewende God. Dit blyk vir my bevorderlik vir die gereformeerde lewenswandel. Saam met u wil ek die gereformeerde lewenswandel bevorder en selfs met my lewe verdedig. Dus vra ek: 'Stadig oor die klippe'. Ek vra dit, diep nederig bewus van my eie sinisme en twyfel en swakheid.

**Die eindredakteur antwoord:**

Die negende gebod staan – soos alle gebooie van die Here – hoog aangeskryf by die redaksie. Daaroor verskil ons nie in die minste met dr Heystek nie. Ons strewe is om die waarheid van die Woord uit te dra, dwaling in die lig van Gods Woord betyds te weerstaan en die gereformeerde wandel omvattend te bevorder. Die redaksie is wars van enige kwaadsprekery en weer dit derhalwe uit die blad.

Ds Buys se opmerking oor die nuwe rektor berus nie op sy vermoede of aanname nie. Hy verwys na 'n historiese gebeurtenis. Hy stel die indringende vraag: Universiteit – waarheen onder die leiding van hierdie rektor? Dit is geen *kwaadsprekery* nie, maar *'n dringende waarskuwing*. Ds Buys waarsku sowel dr Eloff as die Raad van die PU vir CHO en alle dosente om die gereformeerde karakter van die universiteit te behou en uit te bou.

Hoe skerp ds Buys vanuit die staanspoor die benoeming van dr Eloff deursien het, blyk uit wat hy hierdie maand in sy artikel in die rubriek 'Fokus' skryf.

Mag die Here sy gereformeerde kerke en universiteit in hierdie land genadig wees.

# 'n Huis vir skaamtelose ouboet

*Die huis vir 'Big Brother', die werklikheidstelevisieprogram wat in Augustus op die betaalkanaal M-net begin, is so te sê klaar gebou in Randburg. Die bouwerk het op 13 Maart begin en daar kort glo nog net 'enkele kameras en mikrofone' om dié voyeuristiese eksperiment aan die gang te kry.* So word in *Beeld* van 7 Junie berig. Wie is hierdie 'Big Brother'? Wat hou die program in?

'n Aantal vrywillige deelnemers, wat mekaar van geen kant af ken nie, word saam in 'n huishouding 'ingeboender'. Hulle moet letterlik alles met mekaar deel, asof hulle 'n groot huisgesin is. Saam eet, saam kuier, saam lag, saam huil, saam slaap, saam opstaan... Alles saam. Weggesteekte kameras gaan 24 uur van die dag alles op film vaslê. Die produk gaan gebeeldsend word. Die publiek gaan 'n smakie kry van hoe dit in so 'n situasie kan gaan. Vermaaklik? Komies? Avontuurlik? Ontroerend? Of uit beginsel 'n enorme grensverskuiwing in 'n samelewing wat alreeds aan onbeskryflike dekadensie blootgestel is?

In verband hiermee skryf dr Callie Opperman in *Deo Gloria*, 'n elektroniese nuusbrief wat vanuit Namibië versprei word, soos volg oor die tema 'Leef seksueel heilig as verbondskind van God' vanuit Levitikus 18:1-30 en 20:10-27.

*'Die kerk moet darem bietjie bykom wat sy leiding aan lidmate betref oor seksuele dinge', sê 'n jong man anderdag vir my. Bedoelende seker dat die riglyne vir die Christelike waardes oor seksualiteit by die moderne siening van die samelewing moet aanpas. Kan dit? Of is daar waardes oor seksualiteit wat altyd maar dieselfde bly?*

*In die boek Levitikus gee die Here, wat die volk Israel as verbondsvolk aangeneem het, sy wil vir die volk se lewe. Die feit dat hulle deur Hom verlos is, raak nie net hulle geestelike lewe of godsdienstige handelinge (soos offers en feesdae) nie. Nee, die Here God spel duidelik sy begeerte vir sy volk uit. Hulle hele lewe in al sy fasette moet toon dat hulle aan Hom behoort. Wees anders as die heidene wat voor julle hierdie land bewoon het. 'Die Here het vir Moses gesê: "Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig...'(Lev 19:1). Die heidene wat sonder kennis van die ware God van Israel geleef het, was onheilig. Hulle het die land verontreinig. Daarom het die land hulle uitgespoeg. God het hulle verdryf.*

*Binne die heilig wees voor die Here het die seksuele verhoudinge ook hulle plek gehad. Nêrens is seks verbied nie, maar daar is wel beperkinge gestel. Die beperkinge het eerstens die heiligheid van die volk voor God geraak. Tweedens was dit ook tot voordeel van die gemeenskap. Dit het verhoudinge nie laat wankel nie, het siektes voorkom, het huweliksbande verstewig, het respek onder mekaar bevorder. Vir die volk wat gehoorsaam was aan God wat hulle so liefgehad het dat Hy hulle sy eiendom, sy oogappel gemaak het, het daar ook op seksuele gebied seëninge gewag.*

*Die teenoorgestelde was egter ook waar. Wanneer hulle God se pad sou verlaat sou dit uitloop op spanninge onder die mense, maar ook op 'n breuk tussen God en sy volk. 'As julle die land verontreinig, sal hy júlle ook uitspoeg soos hy die heidene vóór julle uitgespoeg het. Elkeen wat enige van hierdie afstootlike dinge doen, sal van sy volksgenote afgesny word!' (Lev 18:28,29).*

*Maar het daar nie met die koms van Jesus as mens en Verlosser 'n ander bedeling gekom nie? Het daar nie vryheid gekom van al die baie voorskrifte waaraan die Israeliete as ou verbondsvolk onderwerp was nie? Daar het wel vryheid gekom, maar nie om in losbandigheid te lewe nie. Opvallend dat die Here ook oor sy nuwe verbondsvolk, die Christene, in dieselfde terme praat: 'As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig."' (1 Petrus 1:16). En ook: 'Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam' (1 Korintiërs 6:18).*

*Die vryheid wat Christus gebring het is juis vryheid van die verslawing aan seksuele drange. Deur sy Gees gee Hy selfbeheersing. Soek die wil van God ook in jou seksuele lewe as verbondskind. Wees heilig, leef heilig, want jy is duur gekoop met die bloed van Christus! Anders sal jy die wrange vrugte van 'n onheilige lewe pluk!*

'n Uiters relevante boodskap aan die skeppers van 'Big Brother'. En aan almal wat die program op TV (wil?) volg. Dit is duidelik dat daar al hoe meer baie geselekteerd na TV-programme gekyk moet word.

# Vader staat slaan sy slag

In *Waarheid en Dwaling* word voorturend artikels gepubliseer wat waarsku teen onregmatige owerheidsinmenging. Dat die waarskuwings nie oorbodig is nie, blyk uit 'n uitspraak wat prof Kader Asmal, minister van onderwys, onlangs gemaak het insake die beleid oor geloof in skole. *Beeld* van 7 Junie bevat 'n kort weergawe van Asmal se standpunt.

*'n Godsdiensbeleid vir skole sal voor die einde van die jaar gereed wees, en dis baie moontlik dat 'n vergelykende studie eerder as onderrig in 'n spesifieke godsdiens sal plaasvind, het mnr Kader Asmal, minister van onderwys, gesê. Die voorkeur van die meerderheid ouers van 'n skool sal nie noodwendig bepaal dat 'n spesifieke godsdiens in daardie skool onderrig word nie en spesifieke godsdiensbeoefening behoort volgens hom eerder na-uurs, tuis of in die kerk plaas te vind.*

*Hy het in antwoord op 'n vraag ...gesê 'n beleidsdokument sal voor die einde van die jaar voltooi wees en dit sal die kroon span op navorsing en raadpleging wat reeds 'n dekade duur.*

*Asmal het gesê godsdiens word deur sy departement gesien as 'n*

bydraende faktor tot kulturele herlewing en morele groei.

By die formulering van die beleid sal die multikulturele aard van die land rigtinggewend wees.

'Dit sal nie beklemmend wees soos met Christelik Nasionale Onderwys die geval was nie. Ongeag wat die meerderheidsgodsdiens in die land of in 'n spesifieke skool is, moet alle gelowe gerespekteer word en sal grondwetlike beginsels nougeset nagevolg word', het hy gesê.

Op 'n vraag ... of die beheerliggaam se mag om die etos van die skool vas te stel nie na godsdiensonderrig uitgebrei behoort te word nie, het Asmal ontkennend geantwoord. 'Jong kinders is al gepenaliseer, veral in die Wes-Kaap, omdat hulle nie wou deelneem aan godsdiensoefeninge nie. Ons praat dikwels oor etos, maar wat presies beteken dit? Kinders moet gemaklik wees in skole. Hulle moet nie geïsoleer of vervreem word nie' het hy gesê.

... Op 'n vraag of 'n ouergemeenskap se eiesoortige geloofsvoorkeur verreken kan word in beleid, het Asmal geantwoord dat godsdiens by die leerarea oor lewensvaardighede ingedeel is in die nuwe leerplan.

'Verskillende godsdienste behoort in skole onderrig te word. Beoefening van godsdiens behoort ná skool, tuis en in kerke plaas te vind' het hy gesê.

Betreffende die wyd gekritiseerde besluit van die departement van onderwys om nie die taakgroep oor godsdiens in skole se verslag te aanvaar soos dit in 1999 voorgelê is nie, het hy gesê daar was teenstrydighede in dié verslag en die nuwe beleid sal die verslag bywerk.

Die boodskap van prof Asmal is duidelik. Die sentrale owerheid sal besluit wat by skole geleer gaan word, en wat nie – ongeag wat ouers glo en sê. Absolute owerheidsinmenging. Of ouers 'n doopbelofte afgelê het, hinder Asmal nie. Alle kinders sál van alle godsdienste kennis neem. Staatsbeleid. Punt.

Die GKSA se deputate vir christelike onderwys het skerp op prof Asmal se uitsprake gereageer. *Beeld* van 9 Junie rapporteer:

*Die deputate sê ouers behoort die reg te hê om self te kies tussen 'n enkelgeloofs- of veelgeloofsbenadering of 'n kombinasie van die twee.*

*Godsdiensseremonies en –onderrig behoort voorts op 'n vrywillige en nie-opdwingbare grondslag te geskied.*

*Vir Christene is daar geen neutrale lewensterrein nie. Die hele leerplan word uit 'n Christelike lewensbeskouing benader. Daarom is 'n neutrale, skynbaar objektiewe godsdiensonderrigbeleid onaanvaarbaar.*

*'Die minister se optrede getuig van 'n onsensitiwiteit vir persone van verskillende geloofsoortuigings en voldoen nie aan deursigtigheid en demokratiese beginsels nie'.*

*Die deputate sê daar is groot ongelukkigheid omdat die vorige verslag wat in oorleg met baie mense van verskillende geloofsoortuigings opgestel is en wat algemene byval gevind het, geïgnoreer is.*

*Hulle vra Asmal om ernstig oorweging te skenk aan dié verslag en sy vier godsdiensonderrigmodelle.*

Buiten die deputate word elke kerkraad en lidmaat geroep om ernstig beswaar te maak teen prof Asmal se uitsprake. Verder moet ouers van skoolgaande kinders besef dat die skool nie aan die owerheid mag behoort nie, maar ten alle tye deur ouers bestuur en beheer behoort te word – ooreenkomstig die Woord van God en die gereformeerde belydenis.

Jaarvergadering van Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel
oor die onderwerp

**Ons Teologiese Skool gister, vandag, môre.**

Datum: Saterdag 13 Oktober, 10:00-13:00.
Forum-bespreking.

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 17:5-10* en dan veral *verse 5 en 7a*:

*'So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk ... Geseënd is die man wat op die HERE vertrou.'*

Almagtige God, omdat ons niks is nie, ja, minder as niks, skenk ons u genade, dat ons ons nietigheid erken en die vertroue op onsself of op die wêreld laat vaar. Leer ons om in deemoed ons toevlug by U te soek en ons teenwoordige lewe soos ook ons ewige heil vertrouend in u hande te stel, sodat ons op ons hele lewenspad u eiendom sal wees en ons die eer aan U sal gee. Laat ons met ootmoedige gebed U voortdurend aanroep, sodat U nie slegs 'n enkele keer aan ons hulp sal verleen nie, maar ons die sekerheid skenk, dat U altyd by ons elkeen, wat U ernstig van harte aanroep, is totdat ons eindelik die volle saligheid ontvang wat vir ons in die koninkryk van die hemele deur Jesus Christus, ons Here bewerkstellig is.

Amen.

1 Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.